

Vrydag 1 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 26:6-13

Fokusgedeelte: Matteus 26:6-13

Doen NOU mooi dinge vir Christus, later mag te laat wees!

Ons elkeen het 'n lang lys van goeie dinge wat ons aanhou en aanhou uitstel. Soos blits snel die tyd verby en kom ons net nooit uit by dit wat ons graag wil doen nie. Hoeveel dinge is daar nie wat ons nog vir Christus wil doen nie, maar ons is net te besig met ons eie dinge?

Enkele dae voor Jesus se kruisiging het Maria (Joh. 6:3), gedryf deur 'n diepe dankbaarheid teenoor Jesus, 'n fles met baie duur reukolie oor Jesus gegooi. As al Jesus se dissipels baie "verontwaardig" is hieroor, wys Hy hulle daarop dat sy "n goeie daad aan My gedoen" het.

Deur haar beste en duurste vir Jesus te gee, het sy nie net die laaste kans aangegryp om Jesus lief te hê nie, maar Hom ook vir sy begrafnis voorberei. Destyds was 'n liggaam vir die graf voorberei deur die liggaam letterlik van kop tot tone met reukolie te smeer. Jesus het by verskeie geleenthede aangedui dat Hy gaan sterf, daarom het Maria die geleentheid aangegryp om liefde aan Jesus te betoon. Hierdie daad van liefde moes vir Jesus in sy laaste paar dae van lyding baie beteken het.

Ná die kruis en opstanding van Christus het ons soveel meer rede as Maria om dankbaar te wees. Verder spoor die Gees ons ook daartoe aan om onself as 'n dankoffer aan God te gee. Elke dag is besaai met geleenthede om goeie dinge aan Christus te doen. Hierdie liefdesoffer bereken nooit die koste nie, dit kyk ook nooit met hoe min kan ek wegkom nie; ook laat dit nie 'n geleentheid verbygaan nie, maar elke geleentheid word dankbaar aangegryp om my beste vir my Koning te gee.

Sing: Psalm 40-1:1, 4

Ds. HJ Stolts (Hendrik) (Ontdekkers)